d5 Johannes Nicolaas Willem (Johan) BARKHUYSEN, *09.08.1844, =George 23.3.1845, +Nachtwacht, Bothaville, begrawe op plaas Loskuil, x George 10.12.1866 Elizabeth Maria VAN ROOYEN, *1846, +Ebenaeser, Steynsrus, OVS 26.08.1929. (d.v. Gert VAN ROOYEN en ?)

Na die dood van sy vrou in 1929, het Johan op Nachtwacht kom bly. Mev Catharina M Barkhuysen het hom versorg het tot sy dood en hy het sy verhaal aan vertel.

"Hulle het uitgeboer in die Kammanassie [op Diepkloof] en was baie arm. In 1889 besluit hulle om na familie in Senekal in die Vrystaat te trek. [Dit was die Van Rooyens op die plaas Libertas]. Hulle het met wa en osse die tog van 6 maande aangepak. Geld is op pad gemaak deur droë vrugte, wat in 'n geelhoutkis verpak is, te verkoop." (die kis is dalk nog in familie se besit en die skaal waarmee die vrugte geweeg is, is by mev Catharina M Barkhuysen op Bothaville).

Dit lyk of Johan (d5) en sy broer Stephanus Petrus (d6) saam die trek Vrystaat toe aangepak het. Hulle het albei in Mei 1889 kinders in George gemeente gedoop en skynbaar kort daarna verhuis. Of die twee broers ooit met 'n oom van hulle, Stefanus Simon Hendrik (c9), kontak gehad het, is nie seker nie. Soos ek in die inleiding van hierdie hoofstuk gesê het, het al drie gesinne wat Vrystaat toe getrek het sterk bande met die Van Rooyen skoonfamilie gehad. Dit laat my dink dat die van Rooyen-faktor die kontak na die Vrystaat was. Mev Catharina Barkhuysen, wat die herinneringe van twee Vrystaatse Barkhuizens opgeteken het, vertel haar skoonpa (Johan N W – c2d5) het wel aanvanklik, na hulle verhuising, by die van Rooyens op die plaas Libertas, in Senekal, gaan bly. Sy sê ook dat skoonpa vertel het dat hulle Vrystaat toe getrek het omdat hulle uitgeboer het op Diepkloof, in die kammanassie.

Voor en tydens die Anglo-Boereoorlog het Johan Nicolaas Willem Barkhuizen as bywoner geboer op die plaas, Kleingeluk, distrik Senekal. Met die uitbreek van die oorlog was hy 55 jaar oud. Hy was op daardie stadium siek en hy het volgens sy verklaring nie *"aktief aan die oorlog deelgeneem nie omdat hy altyd sieklik was"*⁴.

Op 6 Augustus 1900 is hy gevange geneem op die plaas en na Groenpunt kamp geneem. (Ek weet nie of hy vandaar na 'n krygsgevangene kamp oorsee gestuur is nie). Sy vrou, Elizabeth, en die kinders, het agtergebly op die plaas.

Volgens die kompensasie eis na die oorlog het sy vrou in sy afwesigheid een perd, een os en 45 rolle tabak op rekening aan Genl. Froneman van die boeremagte gegee maar die grootste deel van die eis is vir skade deur die Britse magte. Hulle huis is afgebrand en by drie geleenthede is daar 27 skape, 50 hoenders, mielies, 4 perde en 9 beeste deur die Engelse gevat. Die totale eis was vir £312 waarvan £254 uitbetaal is.⁵

Johan en Elizabeth het sewe kinders gehad (e1-e7 hieronder). Hulle het ook 'n grootmaakdogter, Christina Boshoff, aangeneem.

⁴ TAB: CJC 1694 nr. 933 Claim for war losses. JNW Barkhuizen

⁵ TAB: CJC 1694 nr. 933 Claim for war losses. JNW Barkhuizen.

- e1 Gert Hendrik BARKHUYSEN, *George 6.03.1874, =George 03.05.1874, †10.07.1935, X Senekal 10.02.1908 Elsabe Maria DE NECKER, *21.09.1885, †26.05.1951.
Boer op
- f1 Johan Nicolaas Wilhelm, *Senekal 8.10.1913, †Germiston 13.05.1956 X Alida Hendrina Berdina SCHLEBUSCH (d.v. Hendrik SCHLEBUSCH en ??) Werk op spoorweë, geen kinders.
- f2 Hendrik Petrus de Wet, *5.09.1915, X Bertha Susanna LINDER (d.v. Carl George LINDER & Anna Susanna SMIT), *30.11.1919, †Pretoria 9.12.1951, XX Petronella Jacoba Franzina NEL (d.v. Petrus Johannes NEL & Elsie Johanna), *09.04.1936,
Kind uit eerste huwelik met BS Linder
g1 Gert Hendrik
Kinders uit tweede huwelik met PJF Nel
g2 Johanna Christina *Pretoria 18.02.1955, X 10.07.1971 Pieter Willem BOTES
h1 Pieter Willem BOTES
g3 Petrus Johannes *Ong 12.10.1956
g4 Hendrik Petrus de Wet, *Pretoria Ong 7.09.1957
g5 Elsabe Maria * Pretoria Ong 17.09.1959
g6 Johan Nicolaas Wilhelm * Ong 18.03.1960
g7 Pieter Cornelius * Pretoria Ong 8.05.1961
- f3 Elizabeth Maria BARKHUIZEN, *2.10.1917
- f4 Johanna Magrietha BARKHUIZEN, *1.08.1919, X Cornelis Johannes GROBLER, *19.10.1902, †24.08.1986
[g1] Elsabe Maria GROBLER, *22.05.1941, X Peter WHEELER
[g2] Gert Hendrik GROBLER, *25.09.1942, X Lilian HEYS
[g3] Cornelis Johannes (Kleintjie) GROBLER, *24.05.1944, Springbok rugbyspeler 1974-1976.
[g4] Alwyn GROBLER, *10.08.1946, †23.07.1958
[g5] Pieter Josia Hendrik GROBLER, *27.11.1948
[g6] Petrus Johannes GROBLER, *23.07.1950,
[g7] Johanna Maria GROBLER, *24.12.1953, †15.07.1995
- f5 Gert Hendrik BARKHUIZEN, *17.01.1921, †Pretoria 9.06.1970, X Wilhelmina Hendrina VAN DER WALT,
Woon Sannistr 587, Pta Tuine. Beroep:Telefoontegnikus
g1 Gert Hendrik BARKHUIZEN,*1945
g2 Sarel Jacobus BARKHUIZEN,*1945, X
h1 Gert Hendrik BARKHUIZEN,
g3 Maria Magrietha Magdalena BARKHUIZEN,*1945 x BOTHA
g4 Elzabe Maria BARKHUIZEN,*1945
g5 Petronella Magrietha Elizabeth BARKHUIZEN,*1945
g6 Hendrik Stephanus BARKHUIZEN, ✉*17.07.1958, X Pretoria 05.07.1980
Jacoba Maria BENADE, *Pretoria 24.08.1959
h1 Marike BARKHUIZEN, *18.03.1982
h2 Stephan BARKHUIZEN, *25.06.1986
- f6 Pieter Josia Hendrik BARKHUIZEN, ✉ *Senekal 31.10.1922, X Bronkhorstspruit 15.04.1950 Johanna Wilhelmina VAN STADEN, (d.v. Andries Gerhardus VAN STADEN en Louisa Maria ??), *Pretoria 01.12.1927, †Johannesburg hospitaal 02.06.2003.



- g1 Louisa Maria BARKHUIZEN, *Germiston 01.11.1951, X Germiston 27.02.1975 Gabriël Johannes OTTO,
[h1] Janine OTTO, *Boksburg 08.09.1978, X Petrus Johannes VAN NIEUWENHUIZEN
[h2] Jaco Josia OTTO, *Boksburg 12.09.1986
- g2 Gert Hendrik BARKHUIZEN, *Germiston 17.02.1956, X George 23.02.1981 Petronella VAN DER MERWE,
h1 Mari BARKHUIZEN, *Germiston
h2 Yolande BARKHUIZEN, *Brakpan
h3 Pieter Josia Hendrik BARKHUIZEN, *Brakpan
- g3 Elmarie BARKHUIZEN, *Germiston 23.02.1966, X Germiston 12.02.1988 Christo JOOSTE
- f7 Catharina BARKHUIZEN, *18.07.1925, †16.07.1968
f8 Neeltje Christina BARKHUIZEN, *30.10.1928
- e2 Catharina Maria BARKHUYSEN, *06.03.1877, †Siloam, Senekal, OVS 20.08.1916, X Senekal 07.08.1899 Gert Frederik HEYNS (s.v.Michiel HEYNS & Johanna Catharina ?), *George .09.1860, †Senekal 10.10.1942
In die huweliksregister word Gert Heyns se woonplek as Klipplaatdrif aangegee.
[f1] Elizabeth Maria HEYNS, *03.03.1901, X Christiaan Lourens Dreyer
[f2] Johanna Catharina HEYNS, *13.01.1904 x George Frederik Zondagh VAN HUYSSTEEN
[f3] Michiel Ignatius HEYNS, *29.07.1905
[f4] Catharina Maria HEYNS, *12.06.1907 x Petrus Marthinus JANSE VAN RENSBURG
[f5] Jemima HEYNS, * 21.07.1909 X Thomas Arnoldus THERON
[f6] Gertruida HEYNS, *26.06.1912 X Cornelis VAN SCHALKWYK
[f7] Johan Nicolaas Wilhelm HEYNS, *26.09.1915
- e3 Johan Nicolaas Wilhelm (Jan) BARKHUYSEN, *Kammanassie 11.10.1880, ≈George Grasdak NG Kerk 1881, †14.03.1972, begrawe op Bothaville, x 15.05.1915 Jacoba Hester Magdalena JANSEN, *23.12.1889., †Nachtwacht 13.04.1954, begrawe op Bothaville.
Mev. Catharina M Barkhuysen (skoondogter) het Jan versorg tot sy dood. Sy het al sy herinneringe opgeteken.
"Sy ouers het baie swaar gekry met die baie kinders tydens die trek na die Vrystaat toe. Jan was nege jaar oud. Sy ouers het toe besluit om hom vir sy ma se broer, Gert van Rooyen, wat op Klipdrif, Vrededorp geboer het, te gee. Daar moes hy baie hard werk en dikwels die boerdery alleen behartig. "
- Jan is tydens Anglo-Boereoorlog (moontlik by Paardeberg) gevange geneem en na die krygsgevangene kamp te Deadwood, St. Helena gestuur. Van die artikels wat hy in die kamp gemaak het, is nog in die familie se besit. Na die oorlog was hy aanvanklik baie siek en het dit maar swaar gegaan. In 1926 het Jan en Jacoba die plaas Nachtwacht gekoop. Hy vertel: *"die eerste geldjie wat ons in die bank gesit het was een pond en 'n halfkroon, dit was vir 'n skaapvel wat ons verkoop het. Daarna het dit goed gegaan."* Nachtwacht is nou 82 jaar in die familie se besit.



*Jan Barkhuysen (e3) en Jacoba H M Jansen en hulle kinders.
Vlnr agter Anna (f1) , Johan Nicolaas Wilhelm (f3) , en Elizabeth Maria (f2)
Voor is Jacoba Hester (f4) en Cornelis Alwyn, (f5)*

- f1 Anna Helena Johanna BARKHUYSEN, *5.03.1916, X Julie 1936 Johannes RHEEDER, *
[g1] Jacobus Jansen RHEEDER, *1937
[g2] Hendrika Johanna RHEEDER, *1947
[g3] Anna Helena Johanna RHEEDER, *1951
- f2 Elizabeth Maria BARKHUYSEN, *24.03.1918, X 1938 Benjamin Fredeman RHEEDER,
[g1] Jacoba Hester RHEEDER, *1939
[g2] Ben Fredeman RHEEDER, *1941
[g3] Jan Barkhuysen RHEEDER, *1942
- f3 Johan Nicolaas Wilhelm (John) BARKHUYSEN, *Vredefort 4.11.1920, †Koster 23.09.2002, X Klerksdorp 08.09.1945 Anna Magdalena (Ann) TALJAARD, ✉, (d.v. Jacobus Petrus TALJAARD en Hester Sophia Charlotte NEL), *Odendaalsrus 25.08.1929,
John en Ann boer op Koster,
g1 Hester Sophia Scharlotte BARKHUYSEN, *Bothaville 23.04.1946, X Potchefstroom 03.10.1969, Willem LINNEVELT, Hester gee 37 jaar onderwys by Marlandia spesiale skool in Roodepoort.
g2 Johan Nicolaas Wilhelm BARKHUYSEN, *Bothaville 18.04.1948, X Sannieshof 29.09.1971 Elsabe VAN RENSBURG, Johan was skoolhoof op Rooigrond by Sannieshof en werk later by Sanlam.
g3 Jacoba Hester Magdalena BARKHUYSEN, *Odendaalsrus 23.04.1950, †21.06.1951,
- f4 Jacoba Hester Magdalena BARKHUYSEN, *21.11.1922, X 1945 Jan Tobias ERASMUS, †voor 1999
[g1] Jan Tobias ERASMUS, *1946
[g2] Jacoba Jansen ERASMUS, *1948
[g3] Johan Barkhuysen, ERASMUS, *1955
- f5 Cornelis Alwyn Johannes BARKHUYSEN, *4.02.1926, X 1.10.1955 Catharina Maria DE VILLIERS, *17.10.1935, ✉
Hulle besit Nachtwacht vandag.
g1 Isabella Elizabeth Maria, BARKHUYSEN, *30.06.1957, X 1981 Riaan LUYT, [h1] Pieter LUYT, *20.12.1988
g2 Johan Nicolaas Wilhelm BARKHUYSEN, *17.08.1958. Beroep: Soldaat, SAW.

g3 Jacoba Hester Magdalena BARKHUYSEN, *7.08.1961, †23.07.1998, X
 Servaas DE KOCK,
 [h1] Servaas Daniël DE KOCK, 24.05.1987
 [h2] Cornelis Alwyn Johannes DE KOCK, 25.11.1989,

e4 **Nicolaas Jacobus BARKHUYSEN, *George 17.02.1883, =George 31.05.1883, X
 Senekal 29.11.1910 Anna Johanna Francina BUITENDAG, *ong 1887**
 Hy boer later op plaas Welgelegen in distrik Wolmaranstad.



Nicolaas Jacobus BARKHUYSEN,
 *1883, as jongman,



Nicolaas Jacobus en Anna Johanna Francina BUITENDAG

f1 Johan Nicolaas Wilhelm (Jan) BARKHUYSEN, *
 g1 Nicolaas Jacobus (Nico) BARKHUYSEN,
 f2 Maria Catharina BARKHUIZEN, *
 f3 Wilhelm Frederik BARKHUIZEN, *, X Jacoba Elizabeth PRETORIUS,



Jnw (Jan) Barkhuysen (e4f1) en ??



Wilhelm Frederik Barkhuysen (e4f3) en
 Jacoba Pretorius.

g1 Nicolaas Jacobus (Kobus) BARKHUIZEN, ✉ *Krugersdorp 24.2.1953, x
 Krugersdorp 02.11.1974 Susanna Magdalena (Magda) MEYER, (d.v.
 Petrus Johannes MEYER en Cornelia Gertruida Anna PRETORIUS),
 *Krugersdorp 20.09.1955.

- h1 Willem Frederik BARKHUIZEN, *Krugersdorp 17.10.1977, x
Krugersdorp 14.12.2001 Yvette ERASMUS,
h2 Cordelia BARKHUIZEN, *Krugersdorp 29.03.1982, X Krugersdorp
14.12.2007 Jacques FAIRLIE
- g2 Nicolaas Francois BARKHUIZEN, *09.09.1956,
g3 Willem Frederik BARKHUIZEN, *29.06.1961,
- f4 Elizabeth Maria BARKHUIZEN, *, X LOMBAARD
- f5 Anna Johanna BARKHUIZEN, *, x Hartbeesfontein, Coenraad Hendrik LUBBE,
*ong 1912, †Potchefstroom 12.02.1967.
Staatsdiens. Woon Esselenstraat 56, Potchefstroom
[g1] Carel Johannes LUBBE
[g2] Nicolaas Jacobus LUBBE
[g3] Coenraad Hendrik LUBBE
[g4] Andre Johannes LUBBE
[g5] Elmar Marius LUBBE
- e5 Isabella Susanna Francina BARKHUYSEN, *13.8.1885, ≈George 1885, X Senekal
8.03.1910 Jan Dirk HEYNS, *abt 1883
- e6 Martha Jacoba BARKHUYSEN, *26.2.1889, ≈George .05.1889, †1975, x Senekal
17.04.1909 Gert VAN ROOYEN, *Senekal, OVS 21.4.1884, †Ottosdal 13.8.1975.
Sterf by sy seun Johan Daniël Jacobus se huis in Lakenvlei, Ottosdal.
[f1] Johan Daniël Jacobus VAN ROOYEN
[f2] Johan Nicolaas Wilhelm VAN ROOYEN
[f3] Gert VAN ROOYEN
[f4] Nicolaas Jacobus VAN ROOYEN
[f5] Antoon VAN ROOYEN
[f6] Bertus VAN ROOYEN
[f7] Elizabeth VAN ROOYEN X Schoeman
[f8] Martha VAN ROOYEN X Lock
- e7 Elizabeth Maria Jacoba (Lizzie) BARKHUYSEN, †21.11.1948, x Senekal,OVS
14.03.1892 Johannes Stephanus POTGIETER (s.v. Ockert Cornelis POTGIETER en
Beatrice Anna Petronella FOURIE), *Oudtshoorn 1863, †Wolmaransstad 13.04.1949

Mev. CM Barkhuysen skryf: "*Lissie was 'n baie groot vrou. Sy was groot van gestalte en so sterk soos 'n bees. Werkers op die plaas het lig geloop vir haar.*" – Daar is ook 'n mooi storie van hoe sy leer kar bestuur

- [f1] Ockert Cornelius POTGIETER,
[f2] Beatrice Anna Petronella POTGIETER, Huwelik met Venter en XX met Johannes Myburg?
[f3] Johan Nicolaas Wilhelm POTGIETER,
[f4] Johannes Stephanus POTGIETER,

Stephanus Petrus –tak. Hy verhuis ook van die Kammanassie na die Vrystaat toe.

d6 Stephanus Petrus BARKHUIZEN, *9.8.1847, =George 16.01.1848, X George 31.8.1868
Isabella Susanna Maria SERFONTEIN, (d.v. Willem Jacobus SERFONTEIN en Isabella
Susanna Maria VAN ROOYEN), *George ong. 1847, †Pypsteel, Edenburg 23.01.1906.

Stephanus Petrus Barkhuizen, *1847, het grootgeword op gedeelte "B" van die plaas Diepkloof by Daskop in die Kammanassie. Dis 'n pragtige plaas, weggesteek in klofies wat tot teen die Kammanassieberge strek. Die plaas is mooi in die middel van die naaste dorpe, 80 myl van Oudtshoorn af, 80 myl van George af en 80 myl van Uniondale af. Stephanus was die sesde van nege kinders van Johan Nicolaas Wilhelm Barkhuizen en Catharina Maria Janse van Vuuren. Sy ma is dood in 1868 en sy pa in 1873. Stephanus was toe 26 jaar oud. Volgens Diepkloof se akte het elkeen van die kinders 'n deel van die plaas geërf. Gedeelte A van Diepkloof het aan die Serfonteins behoort. Ongeveer hierdie selfde tyd is die ou oom CJ Serfontein ook oorlede en het al die Serfontein kinders ook elkeen 'n deel van Diepkloof B geërf. Daar was toe net te veel mense (12 gesinne) wat eienaars is op die oorspronklike plaas en dit het aanleiding tot twiste gegee. Dit het weer onvermydelik tot 'n hofsak in 1881 gelei wat moes beslis oor grond, huise, en waterbronne.

Stephanus Petrus Barkhuysen (d6) word in die hofdokument slegs vermeld dat hy en van sy broers 'n getekende ooreenkoms het oor gebruik van water uit die Dieprivier. Hy neem in Maart 1885 'n verband van £75 op die plaas uit. In Maart 1889 word hul jongste kind in George gedoop en op 18 Augustus 1891 verkoop hy sy deel van Diepkloof aan CJ Serfontein. Die geharde Kammanassie het blykbaar sy tol geëis en SP Barkhuysen trek kort hierna saam met sy broer JNW (d5) Vrystaat toe. Op enkele kerkdokumente staan dat hy op Buffelsdrif, (baie naby aan Diepkloof) gewoon het.

Vir verdere inligting oor die hofsak en die verhuising Vrystaat toe sien die inleiding op bladsy 45 en ook die gedeelte by sy broer, JNW (d5) op bladsy 59.

Ek het geen verdere inligting oor Stephanus se trek na die Vrystaat of wat hy tussen 1891 en 1899 gedoen het nie. Die eerste inligting kom eers weer uit die Anglo-Boereoorlog rekords en daaruit kan mens aflei dat hy in hierdie tydperk as bywoner op die plaas Suurspruit gebly het. Soos reeds genoem in die inleiding het hy ook kontak met die van Rooyens (sy skoonma) gehad en het dalk 'n ruk soos sy broer op Libertas, Senekal by die van Rooyen familie gebly.

Stephanus was nooit op kommando tydens die Anglo-Boereoorlog nie⁶. Volgens kamprekords was hy daardie tyd 'n bywoner op die plaas Luispruit, Fauresmith. Volgens sy eie verklaring het hy egter op die plaas Groot Zuurspruit, distrik Edenburg gebly. Tydens die Anglo-Boereoorlog is Stephanus en sy gesin in Norvalspont konsentrasiekamp aangehou. Hy is later verplaas na Bermuda krygsgevangenskap toe omdat hy glo sy seuns Fanie (d6e5) en Nicolaas (d6e6) help ontsnap het uit die kamp. Die seuns, Fanie en Nicolaas, is egter gou weer gevang en ook na Bermuda krygsgevangenskap gestuur.

Na die oorlog het Stephanus Petrus Barkhuizen 'n eis ingedien vir verliese gelei tydens die oorlog. Op hierdie aansoek word hy beskryf as 'n armblanke en bywoner op die plaas Dutoitskraal, distrik Edenburg, 55 jaar oud, getroud en agt kinders. Hy eis vir 42 skape, 1 perd, 40 hoenders, 36 eende, 1 vark, 2 hout beddens, 1 groot tafel met 12 stoele, 2 klein tafels, koskas, stoof, 4 kookpotte, 1 ketel, 1 rooster, 2 broodpanne, 2 pannekoekpanne, 1 drievoet pot, 4 grawe, 2 hand katels?, 2 yster gavels?, 2 hand skawe. Die Britse troepe onder Kaptein Briggs en Stuart het die vee geneem en die huisraad is stukkend gebreek en verbrand. 'n Deel van die eis is ook vir speelgoed wat Isabella vir die kinders in die kamp gemaak het en toe deur die Britse soldate in die kamp gebreek is. Die waarde van die eis was £74 waarvan £40 uitbetaal is.⁷
Stephanus onderteken sy eis met 'n mooi duidelike handtekening "*SP Barkhuijsen*"

Isabella, sy vrou, is in 1906 op die plaas Pypsteel dood en mens kan aflei dat hy na die oorlog op 'n stadium hierdie plaas gekoop/gehuur het. Stephanus en Isabella het nege kinders gedoop (e1 –e9 hieronder). In 1902 word net agt kinders genoem. Dit beteken dat e8 (Christiaan Jacobus) toe reeds as kind oorlede is.

⁶ TAB: CJC 1390 nr. 37. Claim for war losses. 29 Dec 1902.

⁷ TAB: CJC 1390 nr. 37. Claim for war losses. 29 Dec 1902

e1 Johan Nicolaas Wilhelm (Jan/Oom Boetie) BARKHUIZEN, *Oudtshoorn 21.6 1869, †Bloemfontein 21.6.1935, X Bloemfontein, Okt 1902, Aletta Johanna KLEYNHANS, *Bethulie 19.2.1879, †Bloemfontein Jul 1955.

Voor en tydens die Anglo-Boereoorlog het Jan ook saam met sy ouers op die plaas Zuurspruit, distrik Edenburg gebly. Hy noem die plaas op sy verklaring "Klein Zuurspruit" van HJ Lubbe. Met die val van Bloemfontein in Maart 1900 het hy die eed van neutraliteit afgelê en na Zuurspruit teruggekeer tot in Oktober 1900, toe hy weer by die Boere kommando aangesluit het.⁸ Daar is ongelukkig nie inligting oor sy deelname aan die res van die oorlog nie. Dit het nogal baie gebeur dat mense "gehensop" het a.g.v. omstandighede en daarna weer by die boeremagte aangesluit het.

Na die oorlog het Jan ook op Dutoitskraal, distrik Edenburg saam met sy ouers gaan bly. Hy was toe 32 jaar oud en pas getroud. Hy eis vir 218 skape, 40 sakke mielies en 15 sakke barley wat deur beide die Britte en Boere as kos gevat is, 7 perde, 1 twee-sitplek perdekar, 10 muile, 2000 bale koring, 2 bale wol, 1 ploeg, 'n tarpaulin? en enkele meubels. Die totale eis is £605 waarvan £100 uitbetaal is. Dit is nogal 'n groot uitbetaling, skynbaar omdat hy darem die eed van neutraliteit afgelê het.

f1 Jacoba Magdalena BARKHUIZEN *Edenburg 20.2.1904, X Gerhardus Le Roux OOSTHUIZEN
 f2 Susanna Isabella Maria BARKHUIZEN, *Edenburg 26.5.1906 Ongetroud
 f3 Aletta Johanna BARKHUIZEN, *Edenburg 26.5.1905, X George PIETERS
 f4 Heila Maria BARKHUIZEN *Edenburg 28.8.1908, X Frans ERSKINE, XX Martiens SPANGENBERG
 f5 Isabella Maria BARKHUIZEN *Edenburg 26.1.1911, X Johannes Petrus SPANGENBERG
 f6 Stephanus Petrus BARKHUIZEN, *Edenburg 17.10.1915, X Cornelia PRETORIUS.

e2 Isabella Margaretha BARKHUIZEN, *George 14.5.1874, =George 23.08.1874, X GEEL, (onseker oor huwelik?)

e3 Willem Jacob (Willie) BARKHUIZEN, *28.4.1876, =George 02.07.1876, †Bloemfontein 1963, X Margaretha Maria STANDER, (d.v. Adriaan Stander en Lettie BOTHA), †Bloemfontein 1964.

Voor en tydens die Anglo-Boereoorlog het Willie ook soos sy ouers op die plaas Groot Zuurspruit van JSN Fourie gebly as bywoners. Hy was nie op kommando nie maar het op die plaas gebly. Met die val van Bloemfontein het hy sy "geweer opgegee" Daarna is hy na Norvalspont konsentrasiekamp gestuur. Tydens die Anglo-Boereoorlog is Willie in Ceylon krygsgevangenkamp aangehou. Volgens die verklaring van 'n ene Fourie, in Willie se eis vir vergoeding, het Willie ook ontsnap uit Norvalspont maar is nog dieselfde dag gevang en na Groenpunt gestuur en vandaar na Ceylon krygsgevangenkamp.

Na die oorlog het Willie ook op Dutoitskraal gaan bly saam met sy ouers en ook 'n eis vir vergoeding ingestel. Hy eis £62 vir 40 skape en bokke, 'n vyf perde. Die volle eis is toegestaan: "*being in very poor circumstances*"⁹

Volgens Annatjie van Rensburg was haar pa voorman (bywoner) op verskeie plase in Edenburg distrik in die 1920's, later Fauresmith en ook op Koffiefontein.

f1 Aletta BARKHUIZEN, *, †Reddersburg, X VAN DER LINDE, xx Trompsburg, VISAGIE.
 [g1] Piet VAN DER LINDE

f2 Susanna Maria BARKHUIZEN, *, †Bloemfontein 1999. Nooit getroud.
 f3 Margaretha Maria BARKHUIZEN, *Edenburg 1919, †Pretoria 1979, X Pretoria, DU PREEZ,
 f4 Stephanus Petrus BARKHUIZEN, *Edenburg 1925, †Parys OVS, X Kitty
 f5 Anna (Annatjie) BARKHUIZEN, ✉*1925, x Bloemfontein, PIETERSE, xx Durban, VAN RENSBURG

e4 Catharina Maria BARKHUIZEN, *28.8.1877 ≈ George 11.10.1877, †Senekal 10.1.1961, X Jan Daniel GEEL, *5.7.1881, †Senekal 4.10.1944, Ω Senekal begraaftplaas.

⁸ TAB: CJC 1390 nr. 50 Claim for war losses: JNW Bakhuizen

⁹ TAB: CJC 1390 nr. 49. Claim for war losses. WJ Barkhuizen

e5 Susanna Maria Elizabeth (Sannie) BARKHUIZEN, *11.8.1880, †23.9.1978, X Edenburg Willem Jacobus VAN DER MERWE, *24.5.1876, †4.9.1964.

[f1] Stephanus Petrus VAN DER MERWE

[g1] Willie VAN DER MERWE, ✉

[f2]–[f8] Vier seuns en vier dogters. Een dogter word op 13.12.09 'n 100 jaar oud.

e6 Stephanus Petrus (Fanie) BARKHUIZEN, *5.10.1882, ≈George 15.11.1882, X Fauresmith 6.11.1916, Anna Sophia DE SWARDT (d.v. Alfred Jacobus DE SWARDT,*Fauresmith 20.5.1874 en Johanna Adriana SLABBERT, *Middelburg -Kaap 1875), *06.1895, †Heenenweerskop, Fauresmith 30.7.1917, xx 23.6.1925 Alida Barendina DU BUYS, (d.v. Alewyn Jacobus DU BUYS en Alida Barendina BEYLEVELD), *Middelburg, Kaap 5.2.1899, †22.1.1968. Alewyn DU BUYS boer op Goedehoop, Jagersfontein.

Fanie en sy broer Nicolaas (e6) was te jonk om te veg tydens die Anglo-Boereoorlog en is in Norvalspont konsentrasiekamp saam met die gesin aangehou. Fanie en Nicolaas het uit die konsentrasiekamp in Norvalspont ontsnap maar is weer gevang en albei is na die krygsgevangenkamp op Bermuda gestuur. (Die familie vertel dat hy na St. Helena gestuur is?)

Aan die einde van die oorlog was hy 20 jaar oud en ek glo hy is maar saam met die gesin na die plaas Dutoitskraal in Edenburg.

In die Fauresmith huweliksregister word Stephanus as 'n 34 jarige veeboer van Heenenweerskop beskryf en Anna De Swardt as 'n 21 jarige jongmeisie van Groot Vooruitzicht, Fauresmith. Anna is dood met die geboorte van hul kind.

Kinders uit die huwelik van Stephanus Petrus BARKHUIZEN en Anna Sophia DE SWARDT.

f1 Stephanus Petrus Alfred BARKHUIZEN, *Fauresmith, OVS 30.7.1917, †Pretoria 16.04.1968, x Bloemfontein 1.1.1947, Johanna Meyer STEYN, *

Werk by Yskor: finansiële rekening afdeling. Bly Burkestraat, Sunnyside, Pretoria

g1 Maria Petronella BARKHUIZEN, *31.3.1948

g2 Stephanus Petrus BARKHUIZEN, *10.8.1951

g3 Pieter Steyn BARKHUIZEN, *06.2.1957

g4 Karel Johannes Steyn BARKHUIZEN, *

Kinders uit die huwelik van Stephanus Petrus BARKHUIZEN en Alida Barendina DU BUYS.

f2 Alida Barendina BARKHUIZEN, *22.5.1927, †18.7.1953, X BREYTENBACH,

[g1] Hermanus Stephanus BREYTENBACH, *18.7.1953, X Martha Maria BOSHOFF, 27.11.1957, Herman is tans predikant te NG gemeente Krugersdorp-Suid.

[h1] Marissa Cornelia BREYTENBACH, *15.6.1981

[h2] Stephanus Johannes BREYTENBACH, *23.5.1983

[h3] Jacobus Nicolaas BREYTENBACH, *14.4.1988

f3 Alewyn Jacobus (Koos) BARKHUIZEN, *Jagersfontein 1.5.1930, †16.5.2006, X Marie KAPP, *1.7.1938,

Koos behaal BA (Sosiologie en Sielkunde) aan UP en werk 7 jaar by Departement Handel in Pretoria. Boer sedert sy suster se afsterwe in 1953 op die plaas Bakbank, Jagersfontein.

g1 Alewyn Jacobus BARKHUIZEN, ✉*Jagersfontein 2.7.1963, x Edenburg 19.12.1992, Elizabeth Helena Petronella VAN DER MERWE, (d.v. Kobie VAN DER MERWE en Helena BOTHA), *Smithfield 24.09.1972, ≈Edenburg

h1 Elizabeth Helena Petronella BARKHUIZEN, *Bloemfontein 16.03.1994

h2 Alewyn Jacobus BARKHUIZEN, *Bloemfontein 20.2.1997

g2 Marius Phillipus BARKHUIZEN, *23.12.1974, x Heidi Rhoda DU PLESSIS, *Richmond 15.06.1978,

Marius werk by UOVS admin en boer op Vaalkop, Jagersfontein. Heidi gee onderrig by Vrystaatse Universiteit vir Tegnologie. Ook onderwys gegee op Jagersfontein.

h1 Sylmari BARKHUIZEN, *5.1.2006

- h2 Clerise BARKHUIZEN, *08.02.2008
- f4 Johan Nicolaas BARKHUIZEN, *21.08.1940, †20.04.2007, X Elizabeth BURGER, *14.04.1946,
- g1 Stefan Johan BARKHUIZEN, *03.06.1965, X Reinet ?, *
- h1 Stehan BARKHUIZEN, *15.01.2009
- g2 Deon BARKHUIZEN, *16.04.1969,
- g3 Eben BARKHUIZEN, *16.02.1979,
- e7 Nicolaas Jacobus (Niklaas) BARKHUIZEN, *13.08.1884, =George 14.10.1884, †Fauresmith 03.11.1949, x Brandfort ong 1909, Susanna Johanna OOSTHUIZEN, *Middelburg, Kaap 1890, †Edenburg 24.06.1910, (Susanna sterf in huis van Schalk van der Merwe, op Brandfort met geboorte van kind SP), XX Phillipolis 23.04.1923, Stoffelina Hendrika Louisa (ouma Stoffie) ROUX

Nicolaas was krygsgevangene op Bermuda saam met sy broer Fanie omdat hulle ontsnap het uit die konsentrasiekamp by Norvalspont. Hy het altyd vertel van die swak omstandighede op die skip met die terugreis.

Sy dogter, Ria Norval, vertel ook van die jare daarna: "My pa het met niks begin nie. Hy het by die buurman vir £10 gewerk. As hy vee aanjaag dan het hy in die veld geslaap tussen sy twee honde. Hy vertel 'n storie dat sy broek al vreeslik geskeur was en eendag stop 'n man langs die pad en haal vir hom twee broeke uit sy tas uit. Hy het altyd trane in sy oë gehad as hy dit vertel. Op 'n buurplaas was twee Douglas "bachelors" wat vir hom geld geleen het om vier plase te koop, Rustfontein-Noord, Rustfontein-Suid, Blinkwater en Rasmushoop. Hulle het die geld geleen sonder 'n kontrak. Met sy dood het hy vier afbetaalde plase besit. Hy het hard gewerk en was baie suksesvol. Hy het gesorg dat sy kinders goeie opleiding kry. Ek het vir onderwys gaan studeer. As ek van die koshuis af kom het my pa my by die hek ingewag en dan huis toe gedra. My halfbroer Fanie (oom Barkie Atletiek) het standerd nege gedop op Fauresmith en hy sê toe as my pa hom Paarl Boys High toe stuur dan sal hy leer. Dit het ook toe so gebeur en hy het nog SA kleure vir atletiek ook gekry.

Niklaas boer op Rusfontein Noord, Fauresmith.

Kinders uit die eerste huwelik met S J Oosthuizen

- f1 Stephanus Petrus (Fanie/Barkie) BARKHUIZEN, *Edenburg 13.6.1910 x Hettie BOSCH,
Oom Barkie is "Mnr Atletiek" van die Vrystaat. Hy was 'n Springbok atleet in 440 tree. Later 'n baie bekende organiseerder van atletiekbyeenkomste en sprinbokkeurder. Die "SP Barkhuizen" gebou by die Vrystaat atletiekstadion na hom vernoem.

Abrie de Swardt het die volgende geskryf: In Suid-Afrikaanse atletiekkringe het SP (Fanie) Barkhuizen, beter bekend as oom Barkie, 'n reuse rol oor bykans sestig jaar gespeel as atleet, tegniese-beampte, spanbestuurder, keurder, organiseerder en administrateur. Hy het sy eerste tree tot legendariese status in die atletiekkringe gegee toe hy op die Vrystaatse Inter-hoërskole Atletiek-byeenkoms van 1929, ook bekend as die Vrystaatse "Inter-High", die 440 tree vir seuns onder negentien op die ou Ramblersveld in Bloemfontein in 53.6 sek. gewen het. In 1935 het Fanie Barkhuizen die tweede atleet Springbok-atleet geword wat die Vrystaatse Interhoër Atletiek opgelewer het toe hy Suid- Afrika verteenwoordig het teen die besoekende span van Oxford- en Cambridge Universiteite.

Alhoewel oom Barkie nooit 'n onderwyser was of by die Vrystaatse Onderwys-departement werksaam was nie, was hy sedert die laat 1930's betrek by Vrystaatse skole-atletiek en sedert 1941 tot 1980 die hooforganiseerder van die Vrystaatse jaarlikse "Inter-High" of Tussentydse Atletiek-byeenkoms, waaraan die beste hoërskool atlete in die Vrystaat deelgeneem het. SP Barkhuizen, of oom Barkie, het op nasionale vlak as een van die grondleggers van Suid-Afrikaanse Atletiek, by verskeie geleenthede as Spanbestuurder van Suid-Afrikaanse spanne opgetree. Hy was onder andere spanbestuurder van die Springbok atletiekspan by die Olimpiese Spele in Melbourne, Australië, in 1956.

Sy staaltjies oor atletiek en die groot afrigters, atlete en administrateurs van sy tyd, was op sig self 'n belewenis om te hoor. Sy manier om 'n sigaret tussen sy ring- en middelvinger vas te hou was nog een van sy interessante lewensuitinge.

In die geskiedenis van die Barkhuizen-familie in Suid-Afrika moet hierdie merkwaardige mens, met sy jarelange bydrae tot sport, en spesifiek atletiek, beslis 'n ereplek inneem.



'n Berig "Oom Barkie van die Inter High" deur Quintus van Rooyen, soos dit verskyn het in die Volksblad. Let op na die kenmerkende sigaret tussen die ringvinger en pinkie.

g1 Hester BARKHUIZEN, x MAREE

Kinders uit die tweede huwelik met SHL Roux

f2 Maria Elizabeth (Ria) BARKHUIZEN, ✉ *Fauersmith 12.02.1926, x Fauersmith 09.07.1949 Francis Robert (Frank) NORVAL, (s.v. Charles Dixie NORVAL en Catherine Elizabeth MEYER), *Colesberg 28.02.1926, †Potchefstroom 09.08.2000, Frank is 'n sakeman en Ria het onderwys gegee al die jare.

[g1] Hendriette Louise NORVAL, *Colesberg 15.05.1950, x Parys 16.12.1976 Paul Jakobus ERASMUS

[g2] Anette Elizabeth NORVAL, *Bloemfontein 14.08.1952, †Kroonstad 01.05.1958

[g3] Francis NORVAL, *Kroonstad 14.08.1960,

[g4] Charles Dixie NORVAL, *Tarkastad 26.12.1962, x Pretoria 1998 Marian OLIVIER,

f3 Nicolaas Jacobus BARKHUIZEN, 1926

f4 Susanna Maria Elizabeth (Sankie) BARKHUIZEN, ✉ *25.03.1930, X Harold HOLT, (bly tans te Port Alfred)

e8 Christiaan Jacobus BARKHUIZEN, *14.10.1886, ≈ George 15.12.1886

e9 Anna Susanna (Annie) BARKHUIZEN, *30.3.1889, ≈George 16.05.1889, X SMIT. Vestig op De Aar.

(Mev Marie Barkhuizen noem dat een van hierdie kinders van SP Barkhuysen (e1-e9) "Pellie" genoem is en in Heidelberg gevestig het. Wie is dit?

GERRIT THOMAS -Tak:

d7 Gerrit Thomas (Gert) BARKHUIZEN *16.6.1849 ≈George 17.2.1850 x George 28.12.1868
 Anna Susanna Christina SERFONTEIN (dv Willem Jacobus SERFONTEIN en Isabella Susanna
 Maria VAN ROOYEN).

Gerrit Thomas Barkhuizen, *1849, het grootgeword op gedeelte "B" van die plaas, Diepkloof, by Daskop in die Kammanassie. Dis 'n pragtige plaas, weggesteek in klofies wat tot teen die Kammanassieberge strek. Gert was die sewende van nege kinders van Johan Nicolaas Wilhelm Barkhuizen en Catharina Maria Janse van Vuuren. Sy ma is dood in 1868 en sy pa in 1873. Gert was toe 24 jaar oud. Volgens Diepkloof se akte het elkeen van die kinders 'n deel van die plaas geërf. Gedeelte A van Diepkloof het aan die Serfonteins behoort. Ongeveer hierdie selfde tyd is die ou oom CJ Serfontein ook oorlede en het al die Serfontein kinders ook elkeen 'n deel van Diepkloof B geërf. Daar was toe net te veel mense (12 gesinne) wat eienaars is op die oorspronklike plaas en dit het aanleiding tot twiste gegee. Dit het weer onvermydelik tot 'n hofsaak, in 1881, gelei wat moes beslis oor grond, huise, en waterbronne.

Gert Thomas Barkhuizen (d6) word in die hofdokument slegs vermeld dat hy en van sy broers 'n getekende ooreenkoms het oor gebruik van water uit die Dieprivier en dat hy op 20 Februarie 1884 'n verband uitgeneem het van £100. Hy verkoop sy deel van die plaas op 11 Maart 1886 aan CJ Serfontein.

Gert en sy vrou Anna (Serfontein) se plaas word op 'n paar dokumente as Jacobsdal aangegee. Jacobsdal is net 'n entjie vanaf Dieprivier op die pad na Dysseldorp, net verby Koutjie. Hy het ook op "Paardepoort" naby Herold geboer. Die pad uit die Langkloof deur Perdepoort begin ongeveer by die "hoofpad"-winkel net verby die Herold afdraai vanaf die N9.

Gerrit kry sy naam van sy oupa van Rooyen af. Anna Serfontein se suster, Isabella, is met Stephanus (d6) 'n broer van Gerrit getroud. Stephanus en Isabella (en nog 'n broer, JNW (d5)) het Vrystaat toe verhuis, maar Gerrit Thomas en Anna Serfontein het in die Langkloof gebly.

Gert en Anna het twaalf kinders gehad (e1-e12 hieronder)



Die foto (bo) is van Gert Thomas (b1,c2,d7) en Anna Serfontein. Die dogters op die foto is tant Martha (d7, e10), links agter, wat getroud is met 'n Flip Serfontein en regs agter is tant Nellie (d7,e11) wat getroud is met 'n Smit(h) van De Rust.

- e1 Johan Nicolaas Wilhelm (Jan/Johan) BARKHUIZEN *11.12.1869 x Jacoba Lydia Frederika (Kotie) KOEN *3.8.1872 (dv Louis Johannes KOEN en NN)
Bly naby Stormsriviermond.
- f1 Gert Thomas BARKHUIZEN *14.3.1899 ≈Uniondale 28.5.1899 †Port Elizabeth 29.9.1950
Poskantoorwerker. Bly: Westernweg 41, PE.
- g1 Gerald John Roderick BARKHUIZEN
- g2 Philretty Denise BARKHUIZEN *22.3.1930 x VAN WYK
- g3 Muriel Enies BARKHUIZEN *8.4.1932
- g4 Sydney William BARKHUIZEN *1934 †1934
- g5 Mona BARKHUIZEN *1936 †1936
- g6 Ivor BARKHUIZEN
- f2 Louis Johannes BARKHUIZEN *4.8.1900 ≈Uniondale 7.10.1900.
- f3 Johan Christiaan de Wet BARKHUIZEN, *21.3.1902
- f4 Edward Tobias Steyn (Eppie) BARKHUIZEN *20.12.1904 ≈Klipdrif, George 2.4.1905 †Port
Elizabeth 9.7.1954 x Port Elizabeth c1941 Emmerentia Johanna NORTJE
"Checker" by SA Spoorweë. Bly in 2 Sherlockstraat, Port Elizabeth.
- g1 Lionel BARKHUIZEN *Port Elizabeth 5.8.1943
- f5 George Upington BARKHUIZEN *10.10.1906 x NN
- g1 Hilton BARKHUIZEN
- g2 Peter BARKHUIZEN
- g3 Boyce BARKHUIZEN
- g4 Wanda BARKHUIZEN x Guy GROBBELAAR
- f6 Catharina Alida (Lilla) BARKHUIZEN *3.2.1908 ≈Klipdrif, George 10.7.1908 x DE HAAS
- f7 Anna Susanna BARKHUIZEN *19.5.1911 ≈Herold 9.7.1911 x DEACON
- [g1] Pearl DEACON
- f8 Martinus Willem Jacobus (Martin) BARKHUIZEN *16.11.1913 ≈Herold 12.1.1914 †13.9.1958
x Anna Elizabeth VAN ROOYEN *5.4.1917 †6.8.2000
- g1 Royston Brian BARKHUIZEN *Port Elizabeth 12.1.1941 x Yvonne NN
Sersant in die SAPD. Plaasbestuurder naby Pietermaritzburg. Yvonne is in 'n plaasaanval
vermoor.
- h1 Cheryl BARKHUIZEN
- h2 Martin BARKHUIZEN
- h3 Tracy BARKHUIZEN
- g2 Johan Martin BARKHUIZEN ✉*Port Elizabeth 26.12.1943 x 20.7.1970 Maitland, Kaapstad
c1963? Cornelia Zagrya Gertruida VISSER (dv Andries VISSER en Zagrya GROENEWALD)
*Van Rhynsdorp 22.12.1941 †Oudtshoorn 22.08.1994.
Johan bly tans in Oudtshoorn. Afgetrede kolonel in die SAPD.

h1 Zarita BARKHUIZEN *19.9.1974

h2 Liezl BARKHUIZEN * Port Elizabeth 28.3.1978

g3 Anna Elizabeth BARKHUIZEN x Louis LINDE. Bly op Jongensfontein.

[h1] Zinta LINDE x Theo STOKES

[h2] Louis LINDE x Juanita KRUGER

g4 Barbara Lynn BARKHUIZEN *Despatch 14.6.1956 x 22.9.1979 Port Elizabeth Brian Anthony BARNARD

[h1] Niel Anton BARNARD * Port Elizabeth 1983

[h2] Stuart Brian BARNARD * Port Elizabeth 17.6.1988

f9 Adina Wilhelmina (Aiddie) BARKHUIZEN *2.11.1916 ≈Herold 11.2.1917 x ANGLES

[g1] Arnold ANGLES

[g2] Christopher ANGLES

- e2 Willem Jacob (Will) BARKHUYSEN *12.9.1871 ≈George 19.11.1871 †1968 x Susanna Johanna Aletta (Sannie/Sankie) KLUE (dv Pieter Egbert KLUE en Martha Jacoba BARKHUYSEN, b1c2d1e1, bl. 33) *20.1.1882 ≈George 9.4.1882 †<1968. Boer op De Rust.



Foto van oupa Will Barkhuysen en
ouma Sannie/Sankie (geb. Klue)



Will en Sannie met vier van die seuns.
V.l.n.r. agter is Nicolaas Jacobus (Nic) (f6),
Willem (f3), Chris (f9) en Jan (f5)
(Wie ken die model van die motor in die agtergrond?)

